**10 Maart**
**Skrifgedeelte: Jakobus 1:1-11**

## Wanneer ek deur beproewing…

Gelowiges wat al werklik teëspoed in hulle lewe ervaar het, sal hulle verbaas oor Jakobus se opdrag dat ons baie bly moet wees wanneer beproewings ons oorval. Watter rede het ek om my te verbly wanneer beproewings my oorval? Volgens Jakobus word ons geloof deur beproewings gesuiwer. Gelowiges wat deur beproewings oorval is en in geloof hulle seer verwerk, ontvang die vermoë om te kan *volhard*. Hierdie vermoë om te volhard, is egter nog nie die vólle rede waarom gelowiges hulle in beproewings moet verbly nie.

Voordat Jakobus die volle rede gee waarom ons ons in beproewings kan verbly, gee hy eers 'n belangrike opdrag: gelowiges moet *enduit* volhard (vergelyk vers 4a). Gelowiges kán volhou. Hulle het immers deur die beproewings heen die vermoë ontvang om te kan volhard. Om enduit te kan volhard, sal gelowiges egter voortdurend wysheid nodig hê. Hierdie wysheid moet hulle van God bid. Hy gee dit sonder voorbehoud en sonder verwyt (vergelyk vers 5).

Met die gelowiges wie se geloof deur beproewings heen gesuiwer word en wat aanhou volhard om hulle seer in die geloof te verwerk, gebeur daar iets. Hulle word geestelik volwasse mense (vergelyk vers 4). Geestelik volwasse mense verstaan die doel van hulle lewe, ken God se liefdevolle versorging en is vergenoegd. Wanneer ek deur beproewing heen enduit volhard, vind daar inderdaad in my 'n verandering plaas waaroor ek voluit bly kan wees.

*Dr DG Breed (Waterkloofrand)*